MYNBOU

# Kropz: 'Ons wil wys myne kan groen wees'

Deur **Elvira Wood** | **25 Oktober 2017 07:00**

"Ons het so hard gewerk en was so uitgesproke daaroor om te wys daar kan op 'n omgewingsvriendelike wyse gemyn word, maar nou lyk dit of dit ons in die rug steek."

Só sê Michelle Lawrence, tegniese direkteur van Kropz wat die Elandsfontein-fosfaatmyn aan die Weskus bedryf.

Kropz het Netwerk24 onlangs genooi om die myn te besoek.

Toestemming is gegee om na hartelus foto's te neem en vrae te vra.

"Eerstens het ons niks om weg te steek nie. Tweedens vlieg daar soveel vreemde hommeltuie wat duidelik besig is om foto's en beeldmateriaal van die myn te neem hier oor ons, dit maak in elk geval nie saak nie," sê sy.

Elandsfontein staan te midde van 'n wateroorlog tussen Kropz en die Weskus Omgewingsbewaringsvereniging (Woba).

Woba voer aan dat die myn die omgewing ernstig sal beskadig.

Die organisasie het beswaar teen die myn se watergebruikslisensie aangeteken en ook 'n dringende aansoek om 'n interdik teen die myn se aktiwiteite by die Watertribunaal ingedien.

Woba dring daarop aan dat die myn onmiddellik ophou water pomp totdat die saak deur 'n hof beslis is.



Die Elandsfontein-fosfaatmyn. Water word by die rooi pyltjie uit die ondergrondse waterdraer gepomp en om die myn gelei, waar dit dan weer teen swaartekrag by die swart pyltjie terugvloei.Foto: Elvira Wood

Kropz sê weer hoewel die bedrywighede by die myn tydelik gestaak is, hy nie kan ophou water pomp nie, juis omdat dit dan groter skade aan die omgewing sal aanrig.

"As water in die groef inloop, gaan dit eerstens verdamp, wat beteken dit gaan verlore, en tweedens gaan dit weens die kontak met suurstof op die oppervlak chemies verander, wat weer ander skade aan die natuur sal aanrig," sê Lawrence.

HOOFTREKKE GEWILDSTE

KYK: Amor 'is moeg vir baklei'

Die weer in jou streek vandag

China kondig nuwe leiers aan

NGV, hoër onderwys vandag in die kollig

Bitcoin: Syfers wat jou moet laat skrik

Hy't niks om weg te steek, sê Malema oor kuberkrakers

NETWERK24 Stemme

Blouwillem
Rubriekskrywer
Blouwillem is 'n voorheen bevoordeelde


Kropz pomp water uit die boonste laag van die Elandsfontein-waterdraer voordat dit by die myn se oopgroef kom. Die water word dan in 'n geslote stelsel om die mynbedrywighede gelei, waar dit weer teen swaartekrag terugvloei in die waterdraer.

Die munisipaliteit verskaf water vir die bedrywighede.

"Ons watergebruikslisensie stel dit baie duidelik die Saldanha-munisipaliteit gaan net vir drie jaar aan ons water verskaf. Dit stel ook dat ons onder geen omstandighede grondwater wat ons om die myn pomp, mag gebruik nie," sê Lawrence.

"Ons mag nie nou eens in die droogte daardie water uitpomp en aan die munisipaliteit verskaf nie. As die munisipaliteit dié water wil hê, gaan hulle 'n nuwe watergebruikslisensie moet bekom."

Lawrence sê ná drie jaar glo Kropz die myn sal sowat een megaliter water per dag gebruik.



Die beheerkamer waar die watervloei om die myn gemonitor word.Foto: Elvira Wood

"Ons beplan om sowat 2,4 megaliter per dag wat in die Saldanha-munisipaliteit gebruik word, te suiwer.

"Ons en ArcelorMittal Suid-Afrika se staalaanleg kan dan dié water gebruik."

Lawrence sê die water wat om die myn gepomp word, word tot op die sekonde gemonitor. "Daar is 36 boorgate reg rondom die myn en tot binne die Weskus Nasionale Park waar die watervloei met rekenaars gemonitor word," sê sy.

Lawrence sê Kropz het 'n goeie verhouding met Sanparke.

"Hulle moet ons toegang gee om die boorgate in die park van tyd tot tyd na te gaan. So kan ons verseker dat die water behoorlik deur die waterdraer in die rigting van die strandmeer in Langebaan vloei."

Kropz het afskrifte van sy goedgekeurde mynreg en watergebruikslisensie verskaf.

Hy het ook die omgewingsbestuursplan van 347 bladsye beskikbaar gestel.

Kropz het die myn in Augustus gesluit aangesien dit nie tans ekonomies volhoubaar is nie weens die lae internasionale prys van fosfaat.

"Ons kon glad nie die daling in hulpbronpryse voorspel nie. Ons moes net soos ander myne wat ander hulpbronne ontgin en ook skielik met laer pryse te kampe het, 'n plan maak."

Kropz hoop om teen die middel van 2018 weer met bedrywighede by die Elandsfontein-myn te begin.

### Elandsfontein-myn onwettig – Woba

Woba het op navraag voet by stuk gehou Kropz bedryf die Elandsfontein-fosfaatmyn onwettig.

"Kropz het nie omgewingsgoedkeuring of 'n geldige watergebruikslisensie nie. Hy het wel 'n mynreg, maar ironies genoeg is dit die een ding wat Kropz nie tans doen nie – myn," is Walter Anderson, Woba se regsverteenwoordiger, se reaksie.

"Kropz het die myn onwettig sonder omgewingsgoedkeuring ontwikkel. Hy gebruik ook tans onwettig water sonder 'n geldige watergebruikslisensie.

"Kropz het aan die omgewingsimpakproses onttrek voordat dit afgehandel is."

Anderson het op navraag gesê hy sal hul kenners se bevindinge verskaf.

Kropz se regsverteenwoordiger, Martin Carstens sê: "Ons regsmening verskil. Die saak

Les vir Shaun oor belang van suidelike dele
Ma moes dié seuntjie vroeg al getakel het

Akkommodasie Besprekings in SA! RSA Search .co.za
Vul in Dorp/Stad
Kies 'n Sub-Kategorie
Enkel Kamer Dubbel Kamer
Soek Nou

komonskliek
DEEL VAN NETWERK24
MANS VROUE


Hennie6
Rustig, gemaklik en lief vir die natuur. Hengel, fietsry, braai, familie is belangrik vir my. Hou van net rustig by die huis wees, of 'n
Sien die Profiel


Spired
Oortuig ek is goeie geselskap, redelik getravel in buiteland, lank daar gewoon, stel belang in versk kulture, dink ek het geleer om
Sien die Profiel


Kapstok
Altyd die persoon wat probeer ander mense te laat tuis voel, vriende en familie is my alles, werk op die oomblik is my pret en
Sien die Profiel

Wys Meer
SOEK

watergebruikslisensie het.

**Meer oor:** Kropz | Woba | Elandsfontein | Elandsfontein-Fosfaatmyn | Fosfaatmyn | Mynbou

## Nog stories

- Kropz pomp steeds water uit Elandsfontein
- Weskus-groep, myn knor vir mekaar oor water
- Hopefield: 'Ons het die myn nodig'

## MyStem: Het jy meer op die hart?

Stuur jou mening van 300 woorde of minder na MyStem@netwerk24.com en ons sal dit vir publikasie oorweeg. Onthou om jou naam en van, 'n kop-en-skouers foto en jou dorp of stad in te sluit.

## Ons kommentaarbeleid

Netwerk24 ondersteun 'n intelligente, oop gesprek en waardeer sinvolle bydraes deur ons lesers. Lewer hier kommentaar wat relevant is tot die onderwerp van die artikel. Jou mening is vir ons belangrik en kan verdere menings of ondersoeke stimuleer. Geldige kritiek en meningsverskille is aanvaarbaar, maar hierdie is nie 'n platform vir haatspraak of persoonlike aanvalle nie. Kommentaar wat irrelevant, onnodig aggressief of beledigend is, sal verwyder word. Lees ons volledige kommentaarbeleid hier

0 Reaksies Netwerk24 Novus Group

Recommend Deel Rangskik volgens Beste

Start the discussion…

Be the first to comment.

Teken in Voeg Disqus toe tot u webwerfAdd DisqusAdd Privaatheid DISQUS